**Maandag 13 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 25:1-9; 35:20-29**
**Fokusgedeelte: Eksodus 25:8 (AFR83)**
**Vrywillige Godsdiens**

God wil uit eie vrye wil onder ons woon. Die tabernakel word opgerig met die middele wat die volk geskenk het. In Eksodus 25:1 lees ons dat die Here Israel beveel om elkeen ’n *vrywillige* offergawe te bring vir die oprigting van die tabernakel. Daarmee toets die Here die hart van sy volk. In Eksodus 36:2-7 lees ons dan dat die volk dit ook doen, en selfs met soveel oorgawe dat Moses hulle moes vra om dit te staak!

Hierin sien ons dat die hele tabernakel eintlik in sy wese ’n vrywillige liefdesoffer was wat vir die diens van die Here opgerig is! So moet dit immers in die kerk van die Here gesteld wees.

God wil uit eie wil onder sy volk kom woon, maar dit moet ook hulle wens wees. Nie wetties nie. Geen dwang nie. Eerder vrywillig, blymoedig en met oorgawe. Dit geld alles wat ons vir die Here doen. So skryf die apostel: “En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie” (Kol. 3:20). En dan is die teenwoordigheid van die Here wat onder en tussen ons woon, lieflik en mooi.

So sal ook die werk in en rondom die tabernakel baie vra. Die opslaan en afslaan en dra en versorging van die tabernakel in sy dele sal baie van die volk verg. Dink maar aan die gewigte en die presiesheid waarmee alles moes plaasvind. Daaruit kan ons verstaan dat die Here van jou in jou godsdiens ’n oorgawe en liefde vra wat bereid is om te gee, te offer en werk. So kom Jesus Christus uit vrye wil om onder ons te woon en ons van ons sondes te verlos. Niks was vir Hom te veel moeite nie.

Laat dit nooit “te veel moeite” word nie, soos wat die Here in Maleagi 1:13 sy volk beskuldig, maar gee jouself en alles wat jy het, vrymoedig en blymoedig.

*Sing: Psalm 27-1:1, 2*

*Ds. M van Helden (Maarten) (Centurion)*